Braaf vroue is deel van ons Familie:

Braaf of Bitter

Lizette du Piesanie 22/09/2019

1. TERUG NA BETLEHEM

1.1. Elimelek en sy vrou Naomie het saam met hul twee seuns, Maglon en Kiljon in Betlehem gewoon. Daar het hongersnood uitgebreek en hulle het besluit om te trek na Moab.

1.2. Die twee seuns het met Moabietiese vroue getrou en hulle het 10 jaar in Moab gebly. Al drie mans het daar gesterf en Naomie het besluit om terug te keer na Betlehem saam met haar twee skoondogters (Orpa en Rut).

1.3. Naomie het vir Orpa en Rut aangeraai om eerder na hul families terug te keer. Hulle wou eers niks daarvan hoor nie, maar Orpa het toe wel gekies om terug te gaan huis toe. Rut het aangedring om saam met Naomie te gaan.

Rut 1:16-18 "Maar Rut antwoord: "Moenie my probeer oorreed om van Ma af weg te gaan nie. Waarheen u ook al gaan, sal ek gaan. Waar u gaan woon, sal ek ook woon. Ma se mense is ook my mense. U God is ook my God. Waar u doodgaan, sal ek ook doodgaan en daar begrawe word. Mag die Here dit so laat gebeur. Net die dood ons sal skei." Naomi het besef dat Rut vas besluit het om saam met haar te gaan. Daarom het sy opgehou om haar te probeer oorreed."

1.4. Rut was baie braaf en haar geloof was sterk. Sy het gekies om by Naomie te bly al het sy geweet dat dit nie maklik gaan wees nie.

1.5. Toe die twee vrouens in Betlehem aankom, kon die mense daar skaars vir Naomie erken.

1.6. Sy het vir hulle gesê dat haar naam nie meer Naomie (wat "sweetness" beteken) is nie, maar Mara (wat bitterheid beteken).

2. BITTERHEID

2.1. Bitter is 'n baie slegte toestand om in te wees.

Deuteronium 29:18 "Pas op dat daar nie dalk onder julle 'n man of 'n vrou, 'n familie of 'n stam is wat vandag afvallig word van die Here ons God en die gode van daardie nasies gaan dien nie. As daar so iemand is, so 'n gifwortel wat alles kan vergiftig" (Die ander vertaling praat van 'n wildeals – wat baie bitter is)

Deuteronomy 29:18 (AMP) "so that there will not be among you a man or woman, or family or tribe, whose heart turns away today from the Lord our God, to go and serve the

[false] gods of these nations; so that there will not be among you a root [of idolatry] bearing poisonous fruit and wormwood (bitterness).”

2.2. Wanneer ons dinge verloor waarin ons die hoop sit wat in God moet wees, raak ons bitter.

2.3. Sommige van ons sit al ons sekuriteit in ons werk of besigheid.

2.4. Ander aanbid geld.

2.5. Ander is bitter oor hulle gesondheid of status.

2.6. As die dinge weg is raak ons teleurgesteld in God. Daardie woede word ‘n wrok en daardie wrok word bitterheid.

2.7. Dit steel jou perspektief en maak jou negatief.

2.8. Negatiwiteit maak hoop dood en die bybel sê as jou hoop weg is word jou hart swak.

2.9. Naomie het bitterheid gekies eerder as om braaf te wees.

3. BRAAF

3.1. Rut het gekies om braaf te wees eerder as bitter.

3.2. Sy het saam met ‘n bitter persoon gebly, maar steeds braaf gebly.

3.3. Sy was braaf en het in die velde are gaan optel. Dit het veroorsaak dat sy vir Boas ontmoet.

3.4. Haar braafheid het ook daartoe gelei dat sy met Boas getrou het en ‘n kind saam met hom kon hê.

3.5. Die feit dat sy braaf was het ook vir Naomie gehelp om weer te kon hoop.

Gesprek Gids

OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK

1. As jy eerlik is – is daar mense of dinge waarin jy jou hoop sit… dalk selfs meer as in God?
2. Hoe sal jy voel as jy die mense of dinge verloor?
3. Was daar al ‘n geval in jou lewe waar jy gekies het om bitter te wees eerder as braaf?
4. Was daar al ‘n geval in jou lewe waar jy gekies het om braaf te wees eerder as bitter?